

8 September

Skrifgedeelte: Filippense 2:9-16 By Hemelvaart

Erken dat Jesus Christus jou Here is

Die hemelvaart van Jesus konfronteer jou met hierdie vraag: Watter plek beklee Jesus Christus in jou denke, jou hart en jou hele lewe? In Filippense 2:9-11 roep Paulus ons op om saam met hom te juig oor die hemelvaart van Jesus Christus. Vir hom is dit duidelik dat daar met die hemelvaart drie dinge gebeur het:

- Jesus is tot die hoogste eer verhef en 'n Naam gegee wat bo elke naam is (vers 9).
- Hy het die hoogste outoriteit en gesag ontvang (vers 10).
- Hy het die hoogste aanbidding ontvang (vers 11).

Jesus se hemelvaart is 'n verklaring van sy triomf oor die sonde en die duivel. In die teks staan dat God Jesus "verhef" het. Dit verwys na sy opstanding uit die dood en veral sy hemelvaart. Hy het na hierdie wêreld toe gekom en as't ware sy kleed van skitterende heerlijkheid uitgetrek en 'n kleed van die nederigste verarmde slaaf aangeneem; daarom het sy Vader hom tot oorwinnaar verklaar met sy hemelvaart.

In die tyd van die Ou Testament het die priester met die bloed van offerdiere in die allerheiligste ingegaan om vir die volk se sonde versoening te doen. Met sy hemelvaart het Jesus na die allerheiligste, die troon van God, gegaan om daar met sy eie bloed vir ons by die Vader in te tree. Hy is daar as priester en as offer, maar ook as Koning; daarom staan daar God het aan Hom "die Naam gegee wat bo elke naam is."

Die Christelike godsdienst is meer as om 'n stel reëls te aanvaar of om slegs intellektueel 'n bepaalde soort filosofie te huldig of maar net oorgeërfde tradisies in stand te hou. Dit is bo alles om Jesus Christus as Here oor jou lewe te aanvaar.

Moet nie uitstel nie. Bely nou en elke dag dat jy Hom as die Here van jou lewe aanvaar.

Dr PJ Buys (Mukhanyo Teologiese Kollege)